AUCTIONEERS: PO Box 304, Cradock, 5880 | Tel: 048 881 3090 Fax: 048 881 2605 | Email: bemark.cradock@bkb.co.za | Reg.Nr. 1998/012435/06

KEEP IT COOL THIS SUMMER.



NEW ISUZU
MU-X
Comfortable Everywhere

#ForEverydayForEverywhere

www.isuzu.co.za

ISUZU
With you, for the long run



TLU SA lê insette vir 2024 begroting voor aan minister van finansies

Foto: Kelly Sikkema | Unsplash

TLU SA het verlede week 'n skrywe aan die minister van finansies gerig om sake wat lewensbelangrik vir volhoubare voedselvoorsiening is onder sy aandag gebring.

Bennie van Zyl, TLU SA Hoofbestuurder, het vriendelik, dog dringend, die waarde van kos op die tafel as die belangrikste stabiliserende faktor in ons land beklemtoon. Gegewe dat ongeveer 68% van die land se inwoners in stede woon, kan die regering nie anders nie as om te besef dat kommersiële landbouers inderdaad Suid-Afrika se grootste bate is en dus gekoester moet word.

Die hartseer is dat hulp deurentyd, onder die boeg van landbouhulp, afgewentel word aan diegene wat ongeveer 3% van die land se voedsel produseer. Die kommersiële sektor, wat boere van alle geslagte en rasse insluit, ontvang bykans geen hulp in tye van nood nie.

Met begrotingstyd voor die deur het TLU SA 'n paar sake aan die minister uitgelig:

- 'n Voorstel dat kommersiële boere in goeie jare winste belastingvry te kan spaar om sodoende in tye van verliese steeds in produksie te kan bly.
- Suid-Afrika se infrastruktuur het só agteruit gegaan dat produksie- en verspreidingsprosesse nadelig beïnvloed word. Dit word al hoe moeiliker om produkte op die markte en by die hawens te kry. Paaie, spoorlyne, kommunikasie stelsels en kragvoorsiening moet dringend aandag kry.

- Veiligheid in Suid-Afrika, veral in landelike omgewings en op plase, is uiters kommerwekkend. Die SAPD moet met die nodige toerusting en opleiding bemagtig word om hul taak na behore te kan uitvoer en gesuiwer word van korrupte lede om die publiek se vertroue te herwin.
- Landbouers is blootgestel aan rampe soos vloede, droogtes, brande en veesiekte-uitbrake. Daar behoort beter voorsiening gemaak te word om in sulke tye hulp vinnig en effekief aan landbouers te gee sodat hulle steeds kan produseer.
- Indien siektes soos bek-en-klouseer of voëlgrip uit breek moet die nodige bemagtiging in plek wees sodat die staat sy verantwoordelikheid effekief kan nakom.
- Effektiewe, gehalte opleiding is van kardinale belang en derhalwe moet onderwysstandaarde met rasse skrede verbeter.

Suid-Afrika beleef uiters swak ekonomiese groei. Al hoe minder buitelandse beleggings word in ons land gemaak. Die elemente wat ekonomiese groei sal bewerkstellig behoort die minister se kernfokus te wees, en die belangrikste aspek wat die begroting moet aanspreek, is aansporingsmaatreëls wat groei sal aanmoedig.

Korrupsie in al sy vorme moet sonder aansien des persoons uitgeroei word alvorens 'n begroting, wat veronderstel is om tot voordeel van die land se mense aangewend te word, van enige waarde sal wees. Al die tyd, moeite en kundigheid wat gebruik word om 'n deeglike begroting saam te stel, sal van nul en gener waarde wees indien die belastingbetaler se geld

steeds in die sakke van korrupte amptenare verdwyn.

TLU SA wens die minister sterkte toe met die begroting en versoek dat ekonomiese aanwysers bo ideologiese keuses sal seëvier.

Inhoud: <https://www.tlu.co.za/tlu-sa-le-insette-vir-2024-begroting-voor-aan-minister-van-finansies/>

Come and join the
Algar Team

**WE ARE
HIRING!**

**ARE WE
LOOKING FOR YOU?**

Send your CV

algemeen@algar.co.za

Sales Representative

BOSTU

- BOERBOELS -

"Bred for Perfection, Raised with Love."

SA Studbook National Elite Kennel 2022...



E Larabell Art Studio

CHEREEN & THYS VON SOLMS



082 4494889 | 083 4478844

bostuboerboels@gmail.com

www.bostuboerboels.com

Bostu boerboels



vkō

IDEES VOL VREES
KOBUS@KOMEDIE.CO.ZA

TANNIN BROWSE DRY

Reg. Nr. V30442 (Wet 36 van 1947) Class: Digestive Modifier

In die winter as weiding doodgaan, neem die vesel en voedingswaarde af maar dit kan veë steeds voed - veë moet net meer eet.

Plante is nou baie onsmaaklik en die verteringswaarde is baie laag.

Dit is waar

TANNIN BROWSE DRY

kan help.

- TANNIN BROWSE DRY sal die beskikbare proteïene vermeerder en droë plantmateriaal meer verteerbaar maak.
- TANNIN BROWSE DRY kan moontlik die hoeveelheid aanvullende voeding wat gegee moet word, heelwat minder maak aangesien veë nou weiding eet wat voorheen nie baie smaaklik was nie.
- Voeg by tot lekke, voer of water teen 1-4 gram per dier per dag.



Hef: <https://www.thecattlesite.com/articles/2095/understanding-the-ruminant-animals-digestive-system>
<https://www.thebeefsite.com/articles/1542/protein-in-beef-cattle-diets/>

Tannin Browse Dry. Bevat: Polietleen glikol, Polyvinylpyrrolidon (PVP), kalsium hidroksied en molasse meel. Reg. Nr. V30442 (Wet 36 van 1947). Antrovet Animal Health (Pty) Ltd., Reg. Nr. 2019/194324/07. Postbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 826 2988. www.antrovet.co.za. Vind ons op Facebook.



POUR-ON

TICK + ROUNDWORM CONTROL

DOUBLE ACTIVE COMBINATION

FIPRONIL 0,9 % + ABAMECTIN 0,5 %



- ✓ Ready-to-use Pour-on
- ✓ Residual action
- ✓ Control against Blue ticks
- ✓ Control against Multi-host ticks
- ✓ Registered against pyrethroid resistant blue ticks
- ✓ Broad-spectrum roundworm control



Lumpy-skin disease a disease of socio-economic importance



**agriculture,
forestry & fisheries**

Department:
Agriculture, Forestry and Fisheries
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

What is lumpy-skin disease (LSD)?

- It is a viral disease of cattle and is typically characterised by nodules or lumps on the skin.
- All cattle breeds in South Africa can be affected.
- It usually occurs during the wet summer and autumn months, when biting insects e.g. biting flies and mosquitoes are in abundance.
- The disease occurs throughout Africa.

Why is lumpy-skin disease so important?

- It is a notifiable disease, which means that any suspected or confirmed case must be reported to the responsible state veterinarian.
- Up to 45% of your herd can become affected and the mortality (death) rate may reach 10%.
- The disease causes production losses: pregnant cattle may abort, marked reduction in milk yield, pneumonia, infertility, permanent damage to hides (skin), emaciation (loss of body condition). There is a loss in income because of lower production (deaths, milk and meat, abortions, lowered breeding potential, and damage to valuable hides), and the costs of drugs to symptomatically treat sick animals.

What type of animals can be affected?

- Cattle of all ages can get this disease
- Vaccinated cattle are less likely to get the disease and may have less severe symptoms.
- Cattle which have had the disease and survived cannot be infected again (also immune).
- Calves are protected against the disease while drinking their mother's milk before 6 months of age, if their mothers were vaccinated or had the disease previously.

How do cattle become infected?

- Biting flies play the most important role in spreading the virus.
- Infections increase during the wet summer and autumn months when there are more flies.
- Calves can be infected by drinking milk from a cow which has the disease.
- The disease can also spread through the saliva of infected animals when they use the same drinking trough.
- The disease can also be spread by man when

injecting infected animals when using one needle to inject different animals

What are the signs of lumpy-skin disease in cattle?

Any one or more of the following:

- Skin nodules and ulcers:
 - can vary from a few to several thousand
 - the size ranges from 0,5–5 cm
 - they occur anywhere on the skin, including the nose, udder and vulva in cows, the scrotum in bulls, as well as in the mouth (the gums)
- Legs may become swollen and the animal does not want to move
- Enlarged lymph nodes
- Pneumonia/coughing as a result of infection of the respiratory tract (the windpipe and lungs).
- Discharge from the nose and eyes
- Infertile bulls due to orchitis (infection of the testes)
- Infertile cows
- Mastitis this lowers milk production
- Fever
- Emaciation
- Salivation

How can LSD be diagnosed?

- A basic diagnosis can be made by the presence of the typical lesions on the skin and in the mouth.
- In longhaired animals you should feel for the nodules on the skin, or you can wet the hair so that you can see the nodules more easily.
- A definite diagnosis can only be confirmed by a veterinarian by taking blood samples or samples of the skin nodules to a laboratory where they can identify the virus (this has to be done because there are other diseases which cause similar signs in cattle and therefore require different methods of control and treatment).

- If you suspect LSD in your herd, you must inform the state veterinarian

What other diseases can LSD be confused with?

- Pseudo-lumpy-skin disease
- Demodicosis (Demodex)
- Besnoitiosis
- Oncocercariasis
- Insect bite allergies
- Bovine virus diarrhoea/mucosal disease
- Bovine malignant catarrhal fever (Snotsiekte)
- Rinderpest

Because it is clear that there are many diseases causing similar signs, it is important to obtain a definite diagnosis to ensure the best preventative and control measures for your herd

How is LSD treated?

- There is NO SPECIFIC TREATMENT for lumpy-skin disease.
- Nonspecific, supportive treatment (antibiotics, anti-inflammatory drugs and vitamin injections) is usually directed at treating the secondary bacterial infections, inflammation and fever, and improving the appetite of the animal.

How can you prevent lumpy-skin disease in your herd?

- Prevention is the cheapest and best method of control of the disease.
- If your animals are vaccinated, you will suffer limited or no production or financial losses as a result of the ill effects of this disease.

Vaccination (the best)

- There are several vaccines available on the market against LSD.
- When a vaccine is administered the vaccinated animal develops protective antibodies (made by white blood cells).



- These antibodies bind (help fight) the virus that is transmitted by biting insects, milk of infected animals or saliva of infected animals or humans using the same needle on many animals.
- The animal should therefore be protected against LSD.
- All cattle should be revaccinated or a booster vaccination given as per the instructions of the specific vaccine used
- Calves from vaccinated cows should be vaccinated for the first time at 6 months of age
- Calves from unvaccinated cows (or cows that have never had LSD before) will not be protected by their mother's milk and have to be vaccinated for the first time earlier than six months, as per the instructions of the specific vaccine being used.
- There may be a swelling at the site where the vaccine is given, and a temporary drop in milk production, but the swelling will disappear after a few weeks with a return to normal milk production.

It is important to read the instructions for use on the vaccine labels. If you have any questions or need assistance with vaccination, contact your state or private veterinarian or animal health technician for help.

Fly control

- To prevent biting insects from biting cattle, cattle can be dipped, sprayed or pour-ons



applied that contains an insecticide or repellent.

- Make sure that the remedy used is registered with the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947) and use them only as the manufacturer directs.
- Read and follow the instructions on the labels of the products.
- Fly repellent effect of dips, sprays or pour-ons are short lived and hence only treating your cattle with an insecticide will not prevent them from getting LSD
- The best way to ensure that all cattle are protected is by vaccination alone




Fig 1: These animals were not vaccinated and are now sick. This spells disaster for the farmer and his herd.



Fig 2: These animals have been vaccinated and are protected. The farmer will benefit economically from his cattle.

For further information, contact your nearest animal health technician or state / private Veterinarian



BRANDMERK REGISTRASIES

NUWE AANSOEKE. HER-UITREIK. OORDRAG VAN BRANDMERKE.

BRANDYSTERS

BRANDYSTER OONDE

NEKKLAMPE EN KRALE

stngroep@gmail.com 0724038305

VLEISENTRAAL

DIE BESTE BOD
THE BEST BID

LEWENDEHAWE · STOETVEE · SLAGVEE · WILD · ALGEHELE UITVERKOPINGS · LOSGOED · EIENDOM
LIVESTOCK · STUD STOCK · SLAUGHTER STOCK · GAME · DISPERSAL SALES · MOVABLE ASSETS · PROPERTY

www.vleisentraal.co.za

VIR DIEREGEBRUIK ALLEEN.

LONGRANGE[®]

Reg. Nr. G4328 (Wet 36 van 1947)

INSPUITBARE OPLOSSING



INSPUITBAAR

- Biobesikbaarheid
- Nie beïnvloed deur reënerige weer nie
- Gratis sput saam waardpak



112 DAE DEKKING*

- 1 maand meer dekking as enige ander Fluasuron produk op die SA mark¹
- 54 dae "knock-down"²



RONDEWURM BEHEER



WAARDE VIR GELD

- Koste per kop per dag
- Fluasuron verminder die bosluis-lading op die veld wat lei tot minder produksieverliese³



* Voorkom die herbesmetting van die blobosluse vir tot 112 dae.

Verwysings: 1. IDR Data - Fluasuron 12,5 % opgielmiddel. 2. Antrovet data op leër.

3. De Meneghi et al. 2016. "Ervarings met bosluisbeheer deur teengif in die tradisionele bosektor in Zambia en Burkina Faso: moontlike gevolge vir die omgewing en die openbare gesondheid".

Longrange inspuitbare oplossing: Bevat: Fluasuron 12,5 g and ivermekton 3,15 g per 100 ml. Registrasienummer G4328 (Wet 36 van 1947). Registrasiehouer: Antrovet SA (Pty) Ltd. Co., Reg. No.: 2010/001184/07. Postbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 826 2988, www.antrovet.co.za.

† Makroskliese laktloon.

Graphic Design services

FROM PRINT DESIGN TO LOGO DESIGN AND EVERYTHING INBETWEEN.



- Brochures
- Reports
- Magazines
- Adverts (print and social media)
- Word and PPT formatting and template design
- Invitations

- Logos
- Corporate branding
- Signage
- Posters
- Letterheads • Business cards
- Flyers
- Transcribing (audio to text)

For more information please contact:

082 784 1838

cpietersen001@gmail.com



AGRIFUTURE

Funeral Cover

designed for the Farmer and his workers

Contact Casper de Bruyn today for a **FREE quote!**
064 538 7740 | Casper@jocama.co.za

Underwritten by



Zazu Life FSP 5070. Underwritten by Guardrisk Life Ltd Licensed life insurer and FSP No 76.
Visit zazulife.co.za for Ts & Cs.

#SustainabilitySynergised

PEOPLE | PLANET | PROFIT



#IntegrityIntegrated

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNING | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

Lammers grootmaak vir inkomste

Ek is 'n jong sitrusboer van Patensie. Ek het spasie naby my huis wat ek wil benut. Die gedagte om lammers groot te maak het by my opgekom. Maar ek het absoluut geen kennis daarvan nie! Watter ras lam koop ek? Watter massa lam moet ek aankoop? Op watter massa verkoop ek? Watter voeding gee ek hulle? Watter dosering moet hul ontvang met aankoms sowel as in die grootmaakproses?

- 1. Watter ras lam koop ek? Dit hang af watter ras beskikbaar is. SA Vleismerino- of Dohnermerinolammers behoort goed te vaar.**
- 2. Voorgestelde gewig? Minimum massa van 25 kg, maar ideaal 28 – 32 kg.**
- 3. Hoe swaar laat ek hulle raak? Ongeveer 42 tot 45 kg, op voorwaarde dat hulle nog 'n A2 of A3 gradeer.**
- 4. Watter voeding moet ek hul gee, siende dat hul meeste in voerkraal sal wees? Gebruik die volgende voerkraalmengsel: 150 kg gemaalde lusern (25 mm) + 525 kg gemaalde mielies + 200 kg Voermol SS 200 + 80 kg Voermol Melassemeel + 50 kg Voermol Procon.**
- 3. voer elke dag se hoeveelheid in twee porsies, die helfte in die oggend en die ander helfte laatnamiddag;**
- 4. voer ongemaalde lusernhooi eenkant ad lib. by vir die eerste 14 dae waarna dit gestaak word;**
- 5. sorg dat daar voldoende vreetspasie is sodat al die lammers gelyk kan vreet, m.a.w. moenie selfvoerders gebruik nie, want dan gaan die lammers hulle aanvanklik oorvreet wat tot laminitis, suurpens en vrektes aanleiding kan gee en**
- 6. na die aanpassingsperiode (eerste 10 dae) moet die daaglikse hoeveelheid voer verkieslik drie maal (oggend, middag en laatnamiddag) per dag gevoer word.**
- 5. Watter dosering moet hul ontvang met aankoms sowel as in die grootmaakproses? Raadpleeg die naaste veearts of verteenwoordiger van 'n farmaseutiese maatskappy. Die lammers moet met 'n breë spektrummiddel teen rondewurms, lintwurms en neusvlieglarwes behandel word. Spuit die lammers ook met 'n multiklostridiale entstof asook Pasteurella om hulle teen pasteurellose en klostridiale siektes te immuniseer.**

Die lammers moet as volg op die voerkraalrantsoen aangepas word:

- 1. voer die lammers die eerste dag slegs 100 g/ lam van die Voerkraalrantsoen;**
- 2. verhoog die voedingspeil van die Voerkraalrantsoen elke dag daarna met 100 g/lam, m.a.w. Dag 2: 200 g/lam; Dag 3: 300 g/lam, ensovoorts totdat 'n peil (ad lib.) bereik word waar hulle begin om van die voer te los;**

Voerkraalafronding van lammers in perspektief

Diversifisering word algemeen aanvaar as 'n strategie om die risiko in landbou te beperk. In hierdie verband behoort voerkraalafronding 'n integrale deel van skaapboerdery uit te maak om die risiko te verlaag. Winsgewende afronding van lammers verg 'n mate van kundigheid, asook 'n hoë bestuursvlak.

Die skaapprodusent moet voortdurend uitdagings die hoof bied om sy onderneming winsgewend te bedryf. Ekstensiewe skaapboerdery is van tyd tot tyd onderhewig aan weidingskaarstes weens ramp- of seisoendroogtes, pryskommelings in die vleismark weens die gehalte van die karkasse wat geproduseer word, asook die veranderinge in die aanvraag en/of aanbod (bv. onbeheerde bemarking).

Indien 'n produsent op 'n hoë vleisprys wil aanspraak maak, sal hy aan verskeie aspekte aandag moet skenk. In hierdie verband noem dr. Johan Willemse dat die beheer oor aanbod al hoe belangriker word en dat die dae verby is dat die produsent enige hoeveelheid, enige gehalte en wanneer hy wil, kan lewer. Dit is hier waar voerkraalafronding 'n sleutelrol kan vervul. Voerkraalafronding het ten doel om:

- Lammers markklaar te kry in tye van weidingskaarste.
- Kapitaalomset te versnel omdat lammers gouer bemark word.
- Veldagteruitgang en oorbeweiding in droë tye te voorkom omdat dit veebelading verlaag en gevvolglik kan veld gouer herstel na reën.
- Druk op weidings te verlaag en weidings kans te gee om gouer te herstel en reserwes op te bou.
- Vleisproduksie per hektaar te verhoog omdat meer teelooie aangehou kan word, want lammers word gouer van die veld verwyder.
- Weiding te spaar en dus byvoeding te verlaag indien dieselfde getal teelooie aangehou word.
- Waardetoevoeging te verseker deurdat gradering verbeter en swaarder karkasse geproduseer word.
- Risiko te versprei, want lammers kan verskillende tye bemark word.
- Lammers vroeër te speen sodat ooie gouer

gepaar kan word, byvoorbeeld in stelsels waar ooie elke agt maande lam. Waar lammers vroeër gespeen word, herwin ooie gouer hulle massa. Vir elke 1 kg wat 'n ooi swaarder is met paring, styg die lampersentasie met ongeveer 1.5 %.

- Om inkomste te verhoog omdat dit vertikale uitbreiding van skaapboerdery moontlik maak.
- As 'n aparte vertakking bedryf te word waar lammers ook ingekoop word.

'n Skaapvoerkraal vereis baie meer kundigheid asook 'n baie hoër bestuurspeil as dié van 'n beesvoerkraal en die vlak daarvan is meer vergelykbaar met dié van 'n melkery. Voer-omsetting (kg voer ingeneem per kg massatoename) is die heel belangrikste faktor om in 'n voerkraalonderneming op te konsentreer om winsmarges te verbeter veral in tye van hoë voerpryse en relatief lae vleispryse.

Voeromsetting (VOS) verbeter soos die energiekonsentrasie van die rantsoen verhoog deurdat die voerinname daal terwyl die groeitempo (GDT) toeneem. Die tipe en gehalte van die voerkraallam en die -rantsoen asook die vlak van die voerkraalbestuur, veral suksesvolle aanpassing, speel ook 'n kardinale rol om GDT en VOS en dus wins te verbeter.

'n Deel van die ingenome voedingstowwe word vir die onderhoud van die dier self gebruik, met ander woorde hierdie voedingstowwe is nie vir groei beskikbaar nie. Hoe langer die dier dus in die voerkraal staan, hoe meer voedingstowwe word dus vermors. Dit is dus logies dat hoe beter die voeromsetting en hoe hoër die groeitempo is, hoe meer kostedoeltreffend is die afronding van die lammers en hoe meer wins word genereer.

Tipe en gehalte voerkraallam

Die gehalte van die lammers wat afgerond word, het 'n groot invloed op die voeromsetting en groeitempo van die lammers en gevvolglik die winsgewendheid daarvan.

Die gesegde: "You cannot feed the wrong lamb right" is in hierdie geval baie waar. Swak en boepenslammers asook enige lammers wat nie 'n hoë groeitempo in die voerkraal handhaaf nie, moet so gou moontlik verkoop word omdat hulle die winsgewendheid van hierdie onderneming verlaag.



Die ideale voerkraallam moet aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Gesonde lam ('n swak boepenslam presteer nie). Moenie siek lammers vir 'n voerkraal aankoop nie.
- 'n Jong (3 – 6 maande), goed uitgegroeide lam met 'n dun vetlaag en 'n groot karkas (28 – 32 kg).
- 'n Vleistipe lam met 'n hoë groeipotensiaal. Vleis- en vleiswoltipes presteer beter as woltipes en tipes wat geneig is om oormatig vet aan te pak omdat vetaansit meer energie vereis as spiergroei. Vleiswoltipes groei nie net vinnig nie, maar produseer ook wol wat 'n ekstra inkomste genereer.

Soms is Dorpers gewild omdat hulle velle dikwels 'n hoë premie verdien.

- 'n Kruisraslam wat weens basterkrag 'n baie hoë GDT met 'n uitstekende VOS het.
- 'n Ramlam of kriptorchid (d.i. waar die testes eers in die liggaamsholte ingedruk en die rekkie daarna om die skrotum gesit word) omdat hulle stadiger en minder vet aansit, tot
 - 19 % hoër GDT en tot 9 % beter VOS het. Bemarking moet egter voor geslagsrypheid
 - (4 – 8 maande ouderdom afhangend van die ras) geskied om te verhoed dat afgradering weens sekondêre manlike eienskappe plaasvind. Ramlammers behoort nie afgekeur te word nie, solank hulle nog net nie gewissel het nie.
- Gee voorkeur aan lammers wat kruipvoeding ontvang het of wat gewoond is aan byvoeding. In 'n ondersoek waar lammers kruipvoeding ontvang het, was hulle voer-omsetting 3.51:1 teenoor die 5.18:1 van dié lammers wat 'n voedingsknou (geen kruipvoeding) ervaar het.

- Lammers presteer beter in voerkrale as ou ooie omdat hulle 'n baie beter voeromsetting het. Die fisiologiese vermoë van 'n lam om voer na vleis om te sit, is afhanglik van sy ouderdom, met ander woorde hoe jonger die lam is, hoe beter is die voeromsetting (VOS). $VOS = 2 + 0.025X$, waar X = ouderdom met die aanvang van afronding.
- Koop voerkraallammers in die nabijheid van die voerkraal om vervoerkoste en spanning te beperk.

Tipe en gehalte voerkraalrantsoen

Om maksimum wins in 'n voerkraal te realiseer, is dit van kritieke belang om die voerkoste per kg massatoename te verlaag, hoofsaaklik deur die verbetering van die voeromsetting. Dit kan egter nie geskied deur die voerkraalrantsoen goedkoper te maak deur goedkoper grondstowwe (bv. newe- en/of afvalprodukte) met 'n lae energiedigtheid en voedingswaarde te gebruik nie omdat dit tot 'n drastiese verlaging van die voeromsetting sal lei.

Uitstekende voeromsetting en gevoglike hoë winsmarges is slegs moontlik indien 'n energierekke, hoë gehalte gebalanseerde rantsoen wat al die kritieke voedingstowwe (bv. oplosbare, degradeerbare en deurvloeiproteïen) asook minerale, spoorelemente en vitamenes in die regte hoeveelhede en verhoudinge bevat, gebruik word.

Verder moet die rantsoen 'n optimum hoeveelheid ruvoer bevat om maksimum kragvoerinname te verseker, maar terseldertyd suurpens te voorkom

'n Voerkraalrantsoen moet aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Hoë insluitingsvlak van energiebronne om 'n hoë GDT en 'n uitstekende VOS te verseker. Mielies is die heel beste energiebron omdat dit baie hoog in energie en ook baie smaaklik is.

Heel garspitte lewer ook uitstekende resultate. Graanneweprodukte soos "hominy chop" en semels is baie lywig en nie so smaaklik nie en het 'n laer voerinname en swakker VOS tot gevolg.

Gevalle is gerapporteer waar die GDT met tot 100 g/lam/dag verhoog is toe chop en semels met mielies vervang is. Die nadele van "hominy chop" en semels kan in 'n mate oorkom word as hulle

saam met die ander bestanddele verpil word. Daarbenewens is semels baie hoog in fosfor wat tot blaassteenvorming aanleiding gee.

- 'n Lae insluiting van 'n hoogs verteerbare en smaaklike ruvoer met 'n hoë voedingstofinhoud. Lusern is feitlik die enigste ruvoerbron wat aan hierdie vereistes voldoen en dien ook as 'n uitstekende natuurlike buffer weens sy hoë kalsiuminhoud.

Die kwaliteit van die ruvoer speel 'n belangrike rol by voerinname en GDT van lammers. Brand et al. (1991) vind 'n reglynige afname in voerinname en GDT met die stapsgewyse vervanging van lusernhooi met laegraadse ruvoer soos strooi.

Hoë ruvoerinsluiting asook die gebruik van 'n swak kwaliteit ruvoer met die doel om die rantsoen goedkoper te maak, verlaag die biologiese prestasie (i.t.v. GDT en VOS) en verhoog gevvolglik die voerkoste per kg vleis geproduseer.

- 'n Hoë spoorelement- en vitamienvlakte is noodsaaklik om 'n hoë GDT en uitstekende VOS te verseker asook vir 'n sterk immuunstelsel om hoë weerstand teen siektes te verseker. Beide Voermol SS 200 en Procon bevat hoë vlakke van noodsaaklike spoorelemente en vitamienes in die regte verhoudinge.
- Hoogs smaaklik en nie stowwerig nie om hoë innames te verseker. In hierdie verband is die gebruik van melassegebaseerde produkte (bv. Voermol SS 200, Voermol Procon 33 en Voermol Melasemeel) hoogs aan te beveel.
- Moet 'n hoë gehalte proteïenkonsentraat bevat wat deurvloeiproteïen voorsien (bv. Voermol SS 200 en Procon 33) om spiergroei te bevorder; GDT te verhoog en VOS te verbeter. Deurvloeiproteïeninsluiting in die vorm van Voermol Procon 33 en SS 200 verhoog uitslagpersentasie omdat dit spiergroei bevorder en oormatige vetaansit voorkom, 'n aspek wat al hoe belangriker word soos die verbruiker skraker vleis (A1) verkies.
- Moet sekere medikamente bevat om optimale diereprestasie te verseker. Groeitempo van lammers is baie nou verwant aan voeromsetting en dus sal enige middel wat die voeromsetting verhoog ook die groeitempo verhoog.

Dit is belangrik om daarop te let dat hoe duurder hoë gehalte grondstowwe word, hoe belangriker en kritieker raak die gebruik van groeibevorderaars en groeistimulante om die voeromsetting te verbeter en dus wins te maksimeer. Waar hierdie middels in kombinasie gebruik word, kan dit voeromsetting met tot 20 – 25 % en selfs meer verbeter. Voermol SS 200 bevat 'n ionofoor, 'n sogenaamde groeibevorderaar, wat die vlugtige vetsuurverhouding in die rumen verander waardeur groei en voeromsetting met tot 10 tot 15 % verbeter word en terselfdertyd help dit om koksidiose en suurpens te beheer.

Voermol SS 200 bevat verder ook sekere spesifieke teikenmedikasies soos sinkbasitrasien, ammoniumsoute en buffers. Hoë energieryke rantsoene is geneig om lewerabsesse te veroorsaak wat diereprestasie onderdruk. Sinkbasitrasien voorkom die vorming van sodanige lewerabsesse en verbeter VOS met 2 tot 3 %.

Verder bevat dit ook ammoniumsoute om blaasstene te voorkom asook buffers om suurpens (asidose) te beperk.

- Die ideale volledige voerkraalrantsoen in 'n gemaalde vorm vir lammers is: 150 kg gemaalde lusern (20 – 25 mm partikellengte) + 200 kg Voermol SS 200 (V8592) + 50 kg Voermol Procon 33 (V12701) + 80 kg Voermol melasemeel (V1995) + 525 kg gemaalde mielies of heel gars. Hierdie rantsoen gee uitstekende VOS en uitslagpersentasies van so hoog as 50 % is al gerapporteer. Indien uitslagpersentasie laer is as 45 % moet ondersoek onverwyld ingestel word, want dit is een plek waar 'n voerkraal groot finansiële verliese kan lei. In hierdie verband is dit hoogs aan te beveel om lammers direk oor die skaal te verkoop.
- Hoewel gemaalde voerkraalrantsoene uitstekende resultate lewer, word beter diereprestasies met verkorrelde rantsoene (bv. 150 kg lusern + 200 kg Voermol SS 200 + 50 kg Voermol Procon + 600 kg mielies) verkry weens 'n hoër inname en omdat vermorsing aansienlik beperk word.

Suksesvolle en doeltreffende aanpassing in die voerkraal

Uitstekende diereprestasies in 'n voerkraal is grootliks afhanglik van doeltreffende en

suksesvolle aanpassing en gevolglik moet lammers stadig en geleidelik op die voerkraalrantsoen aangepas word. Suksesvolle aanpassing kan as volg geskied:

- Gebruik lynkrippe met voldoende vreetspasie (250 tot 300 mm/lam ? moet verkieslik almal gelyktydig kan vreet). Selfvoerders moenie in voerkrale gebruik word nie omdat stadige en geleidelik aanpassing daarmee nie moontlik is nie.
- Voer vir die eerste 10 tot 14 dae addisioneel eenkant 'n goeie gehalte ruvoer (bv. ongemaalde lusernhooi) ad lib. om suksesvolle aanpassing te verseker. Die addisionele lusernhooibyvoeding kan na ongeveer 10 tot 14 dae gestaak word. Die fisiese voorkoms van die mis moet as aanduiding dien of lusernhooibyvoeding gestaak kan word. As die mis pap is, moet langer met addisionele lusernhooibyvoeding voortgegaan word.
- Begin die eerste dag met slegs 200 g van die volledige voerkraalrantsoen per lam en verhoog dit daarna elke dag met 100 g/lam tot ad lib.-peil (3.5 – 4.5 % van liggaamsmassa), dit is gewoonlik wanneer hulle begin om voer in die krippe te begin los. Die daaglikse voerkraalrantsoen moet in twee gelyke porsies (een helfte in dieoggend en die ander helfte laatnamiddag) gevoer word. Na aanpassing moet die diere minstens twee tot drie keer per dag gevoer word en die voedingspeil moet so wees dat daar voor elke voeding nog 'n klein bietjie voer in die krippe is. Dit sal verseker dat hulle maksimum voer inneem, wat maksimum groei tot gevolg sal hê.
- Hoe meer dikwels vars voer gevoer word, hoe hoër is die dier se voerinname en hoe vinniger gaan hy groei. Tot 1 kg voer per kg massatoename word met hoë frekwensievoeding gespaar waardeur die voeromsetting verbeter en die wins verhoog word. Vars voer moet minstens twee keer per dag gevoer word. Gedurende die warm maande is dit veral wenslik om vroegoggend ongeveer 30 % en laatnamiddag ongeveer 70 % van die voerkraalrantsoen te voer. Die diere neem min of geen voer op die warmste deel van die dag in. Dit is egter belangrik dat die diere hulle totale daaglikse rantsoen binne die verloop van 24 uur inneem.
- Indien lammers nooit saam met hulle moeders byvoeding ontvang het nie, word dikwels aanvanklik probleme ondervind om hulle te leer om die voerkraalrantsoen te vreet. Hierdie lammers moet vir die eerste drie tot vyf dae slegs ongemaalde lusernhooi in die krippe gevoer word. Die aanpassing op die voerkraalrantsoen behoort dan eers op die vierde of sesde dag te begin. Begin dan op hierdie stadium (vierde of sesde dag) met die aanpassing op die voerkraalrantsoen op dieselfde wyse as hierbo genoem, naamlik met 200 g/lam, wat dan daagliks met 100 g/lam/dag tot ad lib.-voedingspeil verhoog word.
- 'n Alternatiewe aanpassingsmetode is om die lammers eers in die weidingskampe geleidelik op die voerkraalrantsoen aan te pas (preconditioning) waardeur die stres ook verminder word.
- Dorpers moet baie versigtig en stadig aangepas word omdat hulle meer geneid is om suurpens en laminitis in voerkrale te kry. Met spesiale geformuleerde rantsoene en doeltreffende buffers kan dit egter oorkom word.
- Lammers wat lakseer, moet uit die voerkraal verwijder en behandel word. Hulle moet verkieslik in 'n "hospitaalkraal" geplaas word en weer van vooraf stadiger en oor 'n langer periode aangepas word. Indien maagwerk a.g.v. suurpens is, doseer met 20 tot 100 g koeksoda per lam.
- Skaamvreters, hulle kan uitgeken word aan die hongerholtes agter die ribbes onder die rugstring, moet ook verwijder word en dalk saamgegroep word en van vooraf stadig aangepas word.
- Daar is soms enkele lammers wat feitlik niks van die voerkraalrantsoen vreet nie. Hulle moet ook verwijder word en van vooraf op smaaklike lusernhooi aangepas word en daarna geleidelik op die voerkraalrantsoen. Indien dit nie suksesvol is nie, moet hulle óf op die weiding afgerond word óf hulle moet dadelik verkoop word.

Algemene voerkraalaspekte van kritieke belang

Betekenisvolle verhoging in winsmarges is moontlik as die volgende riglyne gevvolg word en die volgende aktiwiteite uitgevoer word:

- Lammers moet met innname in die voerkraal in homogene (eenderse) groepe volgens massa,

kondisie, ras en geslag ingedeel word. Die ideale tropgrootte is 25 tot 50 lammers per kraal met 'n maksimum van 100 lammers. Dit is raadsaam om nie die groepe gedurende die voerperiode te verander nie. Te groot troppe gee tot groter voorkoms van skaamvreters en voerstakers aanleiding. Laasgenoemdes behoort van die dominante (sterk aggressiewe) vreters geskei te word. Te groot troppe bemoeilik ook die opsporing van diere met siektes en probleme.

- Lammers moet binne 24 uur na inname in die voerkraal geprosesseer word (beperk stres in die voerkraal omdat dit die voerkraalprestasie nadelig beïnvloed deur die hantering van diere asook die uitvoer van alle aktiwiteite in die voerkraal altyd rustig en kalm te laat geskied):
- i. Indien dit nie moontlik is nie, moet lammers met lang wol met inname geskeer word. Geskeerde lammers het 'n hoër voerinname en groei dus vinniger (300 vs. 260 g/dag) met 'n beter voeromsetting (5.1 vs. 6.0:1). Indien dit egter baie koud is, moet hulle nie geskeer word nie, want dit verhoog hulle onderhoudsbehoefte wat weer die voeromsetting verlaag. Ideaal is as lammers ongeveer drie tot vier weke voor inname geskeer word.
- ii. Lammers moet met 'n doeltreffende breëspektrumdoseermiddel gedoseer of gespuit word wat beide interne (insluitend neuswurm) en eksterne parasiete beheer asook met 'n breëspektrumentstof, wat onder andere bloednier en pasteurella bevat, geïmmuniseer word. Ander entings word slegs gedoen indien siektes voorkom.
- iii. Die insputing van Multimin (sonder koper) en Vitamien A en E is hoogs aanbeveel. In 'n ondersoek het dit groei met 15 % en voeromsetting met 13 % verbeter (Van Niekerk, 1986).
- iv. Lammers moet met 'n geskikte oorinplantaat (bv. Ralgro® of Zeraplix) geïnplanteer word. Hierdie inplantate is groeistimulante wat groei met tot 16 % en voeromsetting met tot 15 % verbeter (Strydom, 2004) deurdat dit spiergroei stimuleer en vet-neerlegging vertraag. Gevolglik kan voerkraaldiere langer gevoer word voordat hulle oorvet word.
- v. Lammers moet verkieslik met genommerde oorplaatjies geïdentifiseer word sodat hulle individuele groei voortdurend gemonitor

kan word deur gereelde wegings (weekliks). Voerinname moet minstens weekliks gemonitor word vir berekening van gemiddelde voeromsetting asook vroeë opsporing van siek diere.

- vi. Alle voet- en oogprobleme moet ook behandeld word om te verhoed dat dit verder versprei.
- Bekamp stof en modder, want dit verlaag voerkraalprestasie terwyl dit onderskeidelik ook tot oogprobleme en siektetoestande kan veroorsaak. Verder moet prosessering of aktiwiteite tydens buitengewone hoë temperatuur vermy word.
- Maak voorsiening vir voldoende vloeroppervlakte (minimum 1.5 – 2.5 m²/lam, maar 5 tot 8 m²/lam word as ideaal beskou, veral onder natter toestande). Die vloeroppervlakte oftewel kraalpasie hang van die geaardheid en dreinasievermoë van die grond (bv. sand of klei; vlak of diepgrond); helling; reënval; tipe en getal skape af.
- Vir goeie dreinasie om vrotpootjie en siektes te beperk, moet die voerkraal verkieslik 'n helling van 2 tot 6 % hê. 'n Helling van minder as 2 % het tot gevolg dat die reënwater nie wegloop nie terwyl 'n helling van meer as 6 % verspoeling tot gevolg het. Die helling moet weg van die woonhuis wees en die voerkraal moet so geleë wees dat die heersende winde die stank weg van die huis waai. Vir maksimum skaduwee behoort die voerkraal verkieslik in 'n oos-wesrigting geleë te wees. Die vloeroppervlakte moet vir 'n gedeelte van die dag in direkte sonlig te wees om krale droog te hou en die opbou van bakteriese besmetting te beperk. Sonlig is die goedkoopste ontsmettingsmiddel. Indien die vloer-oppervlakte as gevolg van urine nat bly, breek die ureum in die urine na ammoniak af. Ammoniak irriteer die asemhalingskanale wat weer die groeprestasie benadeel weens swak eetlus as gevolg van 'n voortdurende gehoes en dit kan selfs tot longontsteking aanleiding gee.
- Voorsien voldoende skaduwee (0.5 – 1.0 m²/lam) gedurende warm weer en skuiling gedurende koue, nat winderige weer. Dit is niks ongewoons nie dat die GDT met 30 tot 50 % gedurende ongure weer kan val nie. As gevolg van hoë voerinnames moet voerkraaldiere van baie hitte ontslae raak wat ontstaan weens die metaboliese prosesse in die

liggaam. Skape koel af deur warm vogtige lug uit te asem en koel droë lug in te asem. As die omgewingstemperatuur hoog ($> 28^{\circ}\text{C}$) is, asem die dier warm lug in en koel dus nie af nie.

Gevollik drink die dier meer water, vreet minder en groei dus stadiger met 'n swakker voeromsetting. Skaduwee moet verkieslik aan die teenoorgestelde kant van die voer- en waterkrippe wees om samedromming by die krippe te verhoed wat toegang vir ander diere na die krippe sal verhoed. Verkieslik behoort beide die voer- en waterkrippe ook van skaduwee voorsien te word. Skadunette, dekriet of selfs koeltebome kan vir skaduweevoorsiening gebruik word, want dit is goedkoper as dakplate.

- Lynkrippe vs. selfvoerders. Plaaslike waarnemings toon dat lammers wat in lynkrippe gevoer is tot 130 g/dag vinniger gegroei het as waar selfvoerders gebruik is. Met selfvoerders word die voer meer besoedel deur onder andere speeksel wat dit onsmaklik maak en tot lae voerinnames lei. Met selfvoerders is daar 'n beperkte voerkripspasie wat tot lae voerinnames lei. Voerinname is direk afhanglik van voerkripspasie. Volgens Arnold en Maller (1977) neem die getal nie-vreters en skaamvreters toe as die voerkripspasie kleiner as 120 mm/lam is. Waar diere meer as een keer per dag gevoer word, moet minstens 120 tot 160 mm vreetspasie per lam beskikbaar wees.

Om maksimum voerinname te verseker veral waar meer kere per dag gevoer word, is die ideaal 250 tot 300 mm vreetspasie per lam of nog beter, voldoende vreetspasie sodat alle lammers gelyktydig kan vreet. Die voerkrip moet minstens 250 mm diep en 250 mm wyd wees terwyl die agterkant (gedeelte wat die verste van die vretende lam is) toe moet wees sodat die lammers nie die voer uit die krip gooï wanneer hulle vreet nie. Die gedeelte van die voerkrip wat die naaste aan die lam is, moet twee kabels hê wat onderskeidelik 200 mm van die voerbak se boonste rand en 200 mm van mekaar is om te verhoed dat die diere nie daarin kan trap, mis of urineer nie. Voerkrippe moet verkieslik ook teen wind en reën beskerm wees.

- Hoër voerinname word verkry met voerkrippe wat \pm 250 tot 400 mm van die grondoppervlakte is as waar krippe grondhoogte

is. Voerkrippe moet maklik gevul en skoon-gemaak kan word. Verder moet dit so ontwerp word dat daar sementstrook van 1.5 tot 2 m, met 'n helling, is waar die lammers staan en vreet. Die voerkrippe moet so ver moontlik vanaf die waterbak wees om die besoedeling van die drinkwater te voorkom.

- 'n Hoë vlak van voerkripbestuur is van uiterste belang vir 'n winsgewende voerkraal. Daarom moet voldoende voorsorg getref word dat die voer nie nat reën nie terwyl die voerkrippe gereeld skoon gemaak word om die ontwikkeling van mikotoksiene te bekamp.
- Voldoende skoon en koel drinkwater moet te alle tye beskikbaar wees. Waterbakke moet minstens twee tot drie keer per dag of elke keer wanneer die diere gevoer word, baie deeglik skoongemaak word. 'n Skaap drink nie vuilwater nie en 'n dors skaap vreet sleg met 'n gevolglike swak voeromsetting.

Groot waterbakke word nie aanbeveel nie, want dit is moeilik om skoon te maak terwyl dit die voerkraal oormatig nat maak as dit skoongemaak word. Een balklepvarktipe waterbak (150 – 200 mm deursnee) is voldoende vir 50 en selfs 100 skape mits die waterdruk hoog is. Waterkrip moet binne 3 uur in die skaap se waterbehoeftes voorsien.

Waterbakke moet so ver as moontlik van die voerkrip wees en ongeveer 300 – 500 mm bokant 'n beton platvorm, om misbesoedeling te beperk, geplaas word. Maak voorsiening vir tot 7 liter drinkwater per skaap per dag. Voorsiening moet ook gemaak word vir watertenke wat stoorkapasiteit vir minstens drie dae se watervoorraad het. Indien diere nie voldoende water inneem nie, word hulle voerinname en dus groei drasties gestrem. Lakkende waterbakke moet vermy word, want die enigste plekke waar vlieglarwes en koksidiouse organismes kan uitbroei, is in die nat mis.

- Voerkraaldiere moet minstens tweemaal per dag vir probleme en siektes (ooginfeksies, laksering, koksidiose, chlamidia-infeksies wat diere se knie- en hakskeengewrigte laat opswel; sweerklou of vrotpootjie, ensovoorts) geïnspekteer word en dit moet dadelik reggestel of behandel word. Onthou: dit is die voerkraalbestuurder se oë wat die diere vetmaak!!
- Indien meer as 1 % vrektes in 'n voerkraal

voorkom, moet oorsake gediagnoseer en voorkomende beheermaatreëls ingestel word. Daar moet egter gestreve word na minder as 0.5 % vrektes in die voerkraal.

- Soos lammers markklaarheid bereik, moet hulle bemark word, verkieslik eenkeer per week. Om te verhoed dat lammers die wins opvreet, moet daar, afhangend van die innamemassa, op maksimum staandae (bv. Merino's 55 – 60 dae; vleisras- en kruisraslammers 35 – 42 dae; ou ooie maksimum 30 dae) gewerk word. Lammers wat na hierdie tydperk nog nie markklaar is nie, moet bemark word, anders vreet hulle die wins op. Waar lammers te lank gevoer word, kan dit tot oormatige vetneerlegging en dus swak gradering lei. Dit is baie duurder om vet as spier aan te sit!!
- Voerkraalmis moet as kunsmis vir gewasse in saaiboerderye of vir tuine bemark word omdat dit 'n uitstekende addisionele inkomstebbron is.

Samevatting

Die tipe en gehalte lam wat gevoer word asook die tipe en gehalte van die voerkraalrantsoen is sleutelfaktore in die bepaling van winsgewendheid. Die gebruik van sogenaamde "goedkoop" rantsoene wat 'n hoë persentasie laegraadse ruvoer, graanneweprodukte en afvalprodukte bevat, is dikwels verantwoordelik

vir lae groeitempo en swak voeromsetting wat voerkraalwins ernstig knou.

Om steeds wins te maak in tye van hoë graanpryse word aanbeveel dat 'n hoë kwaliteit gebalanseerde rantsoen gebruik word en dat slegs goeie gehalte lammers, wat in voerkrale presteer, afgerond word. Ondanks die hoë graanpryse kan die afronding van 'n skraal nie-marklaarlamb (A0) om sy graad na 'n A2 te verbeter, egter steeds geregverdig word deurdat sy vleiswaarde verhoog word.

Bestuurspraktyke veral dié wat te doen het met voedingsbestuur, gesondheidsbeheer en toesig asook doeltreffende fasiliteite speel ook 'n sleutelrol in die welslae van 'n skaapvoerkraal.


Vir verdere inligting oor die voerkraalafronding van lammers asook bestuurspraktyke en afrondingsrantsoene vir die produksie van natuurlik geproduseerde ISO 9002-gesertifiseerde vleis (Natural Lamb) skryf aan dr. Jasper Coetzee, Voermol Voere, Posbus 13, Maidstone 4380 of skakel Voermolse Hoofkantoor (032 – 439 5599) of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za.

Geskryf deur: dr. Jasper Coetzee (jasprco@iafrica.com) op 8 Januarie 2010.

Inhoud: <https://www.landbou.com/landbou/kundiges/dierevoeding/lammers-grootmaak-vir-inkomste-20180405>

**CHRISTINE
VOSLOO
FOTOGRAFIE**


WESTERN CAPE
CVOSLOO4@GMAIL.COM
060-967-2041





Produksie Veiling^{20ste}

29 FEBRUARIE 2024
GRAAFF-REINET | 12H00



AANBOD: 45 HORING & POENSKOP MERINO RAMME

BOTANIESE SPORTGRONDE | GPS: S 32° 14'55.4" E 24° 31'32.3"



Theo Potgieter:
072 356 8940



Kleintjie Pienaar:
082 823 0648



Jaco Potgieter:
082 2104160



Afslaer JP Marais (BKB):

060 551 6537


Christiaan Marincowitz (BKB):
082 826 0668



plaasbestuurder.co.za

Plaasbestuurder.co.za

**waar Boere verseker is van kwaliteit
kandidate en kandidate verseker is van
volhoubare Loopbaangeleenthede.**



So of jy 'n Boer of potensiele kandidaat is, besoek gerus ons webblad www.plaasbestuurder.co.za vir meer inligting rondom ons dienste en werkgeleenthede.

***Plaasbestuurder.co.za behartig jou
boerdery se werwingsproses, sodat jy
100% op jou boerdery kan fokus.***

www.plaasbestuurder.co.za

www.facebook.com/plaasbestuurder.co.za

info@plaasbestuurder.co.za

Vernon – 082 779 7788

Poste Beskikbaar



“Laat ons op jou personeelwerwing fokus sodat jy 100% op jou Boerdery kan fokus.”



Kontak Plaasbestuurder.co.za vir werksgeleenthede klik op die link – Werksgeleenthede · plaasbestuurder.co.za





Boerboel Wear Public

Nuwe Enkelsnit
"KALAHARI KERSFEES"
NOU BESIKKABAAR:

YouTube Apple Music iTunes Spotify

Is Boerboel al op JOU wenslys die Kersfees? #VarsVoorraad #WysJouVleis #DieBoerboelGevol #LocalsLekker

Boerboel Wear - Original audio

Belgian Malinois SACBR registered



Born 27 Nov 2023
Ready 26 Jan 2024

Vet checks and
vaccinations will be
up to date

MORE INFORMATION :



065 5528 567
Antasha Boucher

ADVERTISE WITH US TODAY!

Free Digital Magazine
since 2017

Reaches over 120 000 viewers monthly

WHY ADVERTISE WITH US

- Our farmers farm with their **smart devices** at hand.
- They actively **participate** in all our digital platforms.
- Our **three** e-magazines and videos are sent directly to farmers cellphones.

OUR EXTENSIVE REACH TO THE RIGHT MARKET

71,000+

Social Media followers


- BH Followers 36k
- FH Followers 8.7k
- BHV Followers 8k
- BHG Followers 14k
- FH Instagram 2k
- BH Instagram 2,7k

15,000+

Whatsapp database

34,000+

Email database



Contact us:

(0) 73 895 6392 | (0) 71 704 6282
 info@boerhier.co.za

www.boerhier.co.za

16TH OVERVAAL DEXTER CLUB AUCTION



**02 MAR 2024
11:00 SATURDAY**

WILLEM PRINSLOO LANDBOU MUSEUM

R104 OLD PRETORIA ROAD, DISTRICT RAYTON

Rocco Van Rooyen 082 799 2776 | Moolman Mentz 083 229 2500 | Billy Lyons 082 785 5498
Tian Botha 082 784 8804 | Nean van Zyl 076 324 2493

4 BULLS

60 FEMALE ANIMALS

**40 SUPERS &
WEANED CALVES**



BKB



Production Auction!

High Quality adaptable Dorpers on Bid!

FIRE & WINE VENUE

PRETORIA

16 MARCH 2024 | 11:00



Invest in adaptable Dorpers! Your success is in our interest!

Deon Cilliers
Cell: 079 887 4956

DE OUDE KRAAL *from* DORPERS *Rustenburg, NW*

On the Northern slopes of the Magaliesberg, in high Hartwater veld, we strive for size, fertility, adaptability & early Market readiness.



Jowilize Dorpers, Established in 2017
with well adapted animals. Bred for
fertility, hardiness and longevity.

Elize Visser Cell: 082 428 1406



JOWILIZE DORPERS from Potchefstroom, NW



BEMARKER Peet Kruger 082 809 3836 · **AFSLAER** Craig le Roux 082 808 7747
BOSVELD TAK potgietersrus@vleissentraal.co.za • www.vleissentraal.co.za



PRETORIA


DID YOU KNOW?



WORLD OF PORK

Pork exports and imports increased during December 2023

South African pork exports: Top 5 December 2023



Source: South African Revenue Service (SARS)

21 EXPORT COUNTRIES

R47,00/kg
AVERAGE PRICE

LARGEST EXPORT MARKET

MOZAMBIQUE
R50,21/kg
AVERAGE PRICE


LARGEST IMPORT MARKET

BRAZIL
R54,51/kg
AVERAGE PRICE

During December 2023, South Africa exported 1,539,428 kg of specific pork products to 21 countries, a 48,3% increase in volume, compared to November 2023. The average export price reached R47,00/kg during December 2023, 7,8% lower than in November 2023 (R51,00/kg). The top three destinations for pork meat exports from South Africa were Mozambique, Lesotho and Kenya.



South African pork imports: Top 5 December 2023



Source: South African Revenue Service (SARS)

9 IMPORT COUNTRIES

R45,91/kg
AVERAGE PRICE

Source: Published by the South African Pork Producers Organisation (SAPP). The information provided is for general information purposes. All information is provided "as is" without warranties or guarantees of any kind. SAPP makes no representations or warranties of any kind, express or implied, as to the accuracy, timeliness, completeness, or usefulness of any information contained in this document.

During December 2023, import volumes of specific pork products reached 2,176,412 kg, 29,5% higher than the previous month, originating from 9 countries at an average import price of R45,91/kg. The average import price was 1,7% lower than the previous month (R46,72/kg). Brazil, the United Kingdom, and Spain were the top three exporters of pork meat to South Africa during December 2023.

[Download report](#)

WAT SÊ DIE MARKTE



Bees

A2/3 = R 53.72

B2/3 = R 48.59

C2/3 = R 47.41

SPEENKALF = R 35.76



Skaap

A2/3 = R 83.56

B2/3 = R 59.05

C2/3 = R 58.59

STOORLAM = R 37.67



Bokke

Ooie = R 41.75

Kids <30kg = R 58.64

Kids 30-40kg = R 41.04

Kids > 40kg = R 38.68



Pluimvee

Bevroe = R 36.35

Vars = R 37.25

IQF = R 33.21



Vark

Porkers = R 32.13

Baconers = R 31.71



Safex

Mielies = R 3735 /t

Sojabone = R 7750 /t

Sonneblom = R 8045 /t

Koring = R 6115 /t



Geld Eenhede

R / \$ = R 18.89

R / £ = R 23.85

R / € = R 20.36

As at 8 Februarie 2024

www.amtrends.co.za



BOERhier VEILINGS

Johannes 15:16

'Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly...'

- Jy is deur God gekies vir Sy eie spesiale doeleinades.
- Die Here wil hê dat jy met 'n doel en bestemming in jou hart moet leef.
- Hy wil hê dat jou lewe 'n blywende impak op almal om jou moet hê.
- Aanvaar dus jou aanstelling en soek maniere om 'n instrument in Sy hande te wees.

Gebed: Vader, dank U dat U hand op my lewe is en dat U my gekies en aangestel het om deel van U plan te wees. Ek gee my lewe aan U oor. Mag my lewe meer as net bestaan wees, maar mag my lewe ander met U liefde aanraak en bemoedig. Amen.

Lizelle

Dankie dat jy lekker saamgelees het! Stuur hierdie e-tydskrif aan na jou kontakte toe sodat hulle ook deel kan wees van ons familie!